

Jesus min my
tel my op
maal my, deel my
tot ek klop

11:10

ander [som]

MATTEUS 5:1-12

24 April 2022 – VERTROUW

Jesus het die skare raak-gesien

- Op soveel plekke in Jesus se openbare lewe hoor ons dat Hy mense “sien”, régtig sien, ráák-sien, en dan reageer. Hy sien kindertjies, en dan nooi Hy hulle na Hom toe. Hy sien Lasarus se vriende huil oor sy afsterwe, en dan help Jesus hulle huil. Hy sien Jerusalem van ver af, en huil oor hulle nie sy boodskap van die Koninkryk van God wil glo nie. Hy sien ‘n skare en word gevul met medelye (*splanchizomai* – “sy ingewande het in beroering gekom”) en hy begin om die siekes te genees. Hier sien Hy ‘n skare mense en dan gaan Hy op teen die berg en “maak sy mond oop” en “leer” hulle. Amper soos die teoloog Noordmans eenkeer gesê het dat hy soms op die preekstoel klim, gereed om mense met die Bybelwoord te kasty, maar as hy in hulle oë kyk, voor hy hom kom kry, begin hy al weer om hulle te troos. Jesus kyk ook só diep. Jesus kyk nooit belangeloos nie. Hy sien raak. Jesus sien (ook vir jou en ons, en elkeen anders) en dan maak Hy sy mond oop om ons te leer.

Hoe “Jesus” ‘n mens?

- Die van ons wat identifiseer as “volgeling van Jesus” – wat beteken dit? Wanneer jy opstaan in die oggend, wat is dit wat jy regtig wil doen en wil wees? Jesus, ja! – maar om te wát!? “God liefhê en my naaste soos myself,” sou ‘n goeie antwoord wees. Maar hoe?
- Is daar ‘n rede waarom terreur-organisasies rapporteer dat jongmense daagliks by hulle aansluit, terwyl baie kerke rapporteer dat lidmate die kerk verlaat? Is dit tyd om te vra wat ons miskyk? En dalk agter te kom dat ons die radikaliteit, die andersheid, van die boodskap van Jesus begin miskyk het?
- Die Bergrede is seker die naaste wat ons het aan ‘n kurrikulum oor hoe om soos Jesus te wees. Die sogenaamde “Saligsprekinge” staan reg aan die begin van die Bergrede en is vir ons rigtingwysers van die pad van Jesus. Uitnodigings om saam met Hom te stap.

ander[som]

- Toe ons ‘n naam gesoek het vir ‘n reeks oor die saligsprekinge was daar ‘n paar voorstelle. Ons het besef dat wat Jesus vir ons in hierdie

reeks gaan vra, gaan radikaal wees.

Teenoorgesteld as wat ons natuurlikerwys sou kies. In kontras, teen-intuïtief.

Onderstebo, het ons 'n soortgelyke reeks 'n klompie jare gelede genoem. En toe die deurbraak: "Andersom". Want Jesus keer ons gewone doen en late, denke en doen, eenvoudig om. Onlogies, soos 'n som wat nie sin maak nie. Maar teo-logies – omdat Hy iets sien, 'n groter prentjie, wat ons miskyk. Hy noem dit die Koninkryk van God. En toe sien ons dit raak: Ander[Som]. Jesus leer ons om ons somme anders te maak, om berekeninge oor die kern en die sin van die lewe anders te doen.

- Die dag nadat ons besluit het op die reeks se tema, word ons herinner aan die aangrypende gedig van Willie van der Merwe, op 'n manier 'n gedig oor God se wiskunde:

*Jesus min my
tel my op
maal my, deel my
tot ek klop*

- Dit is wat ons hoop die opgestane Jesus met ons sal doen in hierdie Paastyd. My be-min, op 'n manier wat my ego "minder maak". My optel, daar waar ek ook al heen gedwaal het. My maal in die meule van dissipelskap waar ek leer van Hom. My uit-deel sodat die Koninkryk kan kom. Dan sal ek "klop", oftewel sinvol en vreugdevol kan lewe.

Van angs na vertrou

- Elkeen van die saligsprekinge nooi ons uit om van posisie te verander. Van die verstek ("default") houding en beskouing word ons uitgenooi na anders, en soveel meer. Die eerste saligspreking sê dat die armes van gees salig is. Geseënd is die wat weet hoe afhanklik hulle van God is, vertaal meer idiomatiese vertalings dit gewoonlik.
- Ons kom die wêreld in met toegeklemde vuisies, in protes, veggend teen die harde

werklikheid waarin ons ingebore word.

Angstig dat daar nie genoeg vir my sal wees nie, dat van my weggenem sal word, dat ek vir myself 'n pad moet oopveg in hierdie lewe en dat die "ander" my kompetisie om dieselfde hulpbronne is en nooit vertrou kan word nie.



- Wanneer ons bewus raak van dit wat ons tekort aan het, is ons eerste instink om te gryp en vas te hou aan dit wat my laat veilig voel. Dis altyd 'n posisie van angstigheid.
- Dis natuurlik om bekommernisse te hê. Soos oor finansies, werk, gesondheid, verhoudings, betekenis, onsekerheid. As Jesus ons egter wil bevry van angstigheid, is dit nie om oë toe te maak vir realiteite nie. Dis 'n uitnodiging om die hande oop te maak om die goeie te kan ontvang.
- Van die praktyke wat ons hiermee kan help is i) om dankbaarheid daagliks te beoefen, ii) te deel wat jy het om te deel, iii) bekommernisse nie alleen te dra nie maar te praat daaroor en ook ander te help dra aan hulle s'n.
- Dis ook belangrik om beperkende aannames en verwagtings te identifiseer en te konfronteer. "Ek kan net werklik gelukkig wees as ek..." (hoe sou jy hierdie sin voltooi?). Die werklikheid is dat jy nie altyd gaan kry wat jy wil hê nie.
- Jesus nooi ons uit om radikaal te vertrou dat niks ons kan skei van dit wat essensieel is tot 'n sinvolle lewe nie, by name sy liefde en teenwoordigheid.

